# EEN VIR AZAZEL

ETIENNE LEROUX se nuwe roman EEN VIR AZAZEL is 'n vervolg op en aanvulling van „Sewe dae by die Silbersteins"wat vir hom die Hertzogprys verower het.
Tot groot mate is die bou van die twee romans eenvormig. Waar Jock Silberstein die swygsame Henry van Eeden, sy aanstaande skoonseun, op die landgoed Welgevonden vergesel het, is dit 18 jaar later dr. Johns wat die ewe swygsame (want hy hakkel geweldig) speursersant Demosthenes H. de Goede vergesel. Die gebeurtenisse, ofskoon onder ietwat veranderde omstandighede, van die eerste boek word ook deels in die tweede boek herhaal.

Altwee pare besoek al die besienswaardighede op die groot landgoed en altwee jong mans hou gedurig 'n meisie in gedagte terwyl hulle na hulle gidse se verduidelikings luister. Maar waar Henry op die uitkyk is vir sy aanstaande bruid, die pragtige Salome, is dit Lila, die vermoorde hoer, dogter van 'n hoermoeder (wat terloops net soos Salome in kraambed gesterf het) op wie de Goede se aandag gespits is, want hy het na Welgevonden gekom om die geheim van haar moord op te los.

EEN VIR AZAZEL vul „Sewe dae by die Silbersteins" egter aan omdat dit die tema van die eerste werk vir ons tot groot mate verduidelik.
Die reeks orgieë in „Sewe Dae" (waarteen so baie instansies beswaar gemaak het) is soos alle orgieë gekenmerk deur brasserny,seksuele uitspattighede en afwykings van alle sedelike maatstawwe. Mens kan maar sê dat die mense feitlik 'n beroep op die chaos gedoen het om terug te keer en die plek van die gevestigde orde in te neem. As die mens se gees te swak word om die norm te aanvaar, dan moet die orde ineenstort. 'n Orgie, kan ons maar sê, beoog in sy wese chaos. Dis nie so seer 'n middel tot sinlike genot nie, as 'n drang om die orde omver te gooi deur 'n tydelike ontwrigting van die realiteitsbegrip.

Welgevonden (wat vir ons die wêreld in 't klein verteenwoordig) is nou in 'n toestand van sedelike verval, soos Henry Silberstein - Van Eeden, bestuurder van die stigting waarin sy skoonvader nou die landgoed omskep het, al te duidelik besef. Salome, wat vir hom die orde verpersoonlik het, is dood en Welgevonden wat nou ná stortreën deur vol spruite van die buitewereld afgesny is, is 'n plek waar waardes hulle betekenis verloor het. 'n Vermoorde hoer word daar as 'n ongerepte maagd gesien. Dit is ook 'n wêreld waar die skuldgevoel van die inwoners so sterk is dat hulle na die kans

gryp om van hierdie skuldgevoel ontslae te raak deur 'n sondebok in die woestyn van die dood in te ja.
In Levitikus XVI word vertel dat die hoëpriester uit twee bokke een moes kies om aan die Here te offer. Die ander is dan as sondebok die woestyn ingejaag om die prooi van Azazel, Demoon van die woestyn, te word.

Handeling.

Die handeling van EEN VIR AZAZEL is kortliks as volg:

Agtien jaar het verbygegaan sedert die gebeurtenisse in „Sewe Dae". Salome het gesterf 'n paar dae ná die geboorte van haar seun, Adam Kadmon, 'n moroon wat as gevolg van oormatige afskeiding van die groeihormoon 'n reus word. Jock Silberstein is 'n gebroke man wat net vir sy kleinseun, die reus, leef. Adam Kadmon is vir Jock sku, maar hang sy vader Henry aan, wat die moroon se liefkosings passief verdra (en wat hom waarskynlik as die moordenaar van die geliefde Salome sien). Mev. Silberstein wat nou „Slank" is en nie meer slank nie, voer 'n verbete stryd teen die ouderdom en is nog altyd eroties aangetrokke tot enige presentabele jongman. Lila, dogter van die jong hoer wat Henry in geselskap van Jock besoek het, word aangerand en vermoor voordat die boek begin en almal is daarvan oortuig dat die reus die moord gepleeg het. Hy is „anders" en word tegelyk verag en gevrees. Speurdersersant Demosthenes H. de Goede het gekom om die moord op te los. Hy word deur dr. Johns na verskillende plekke op Welgevonden geneem (wat 18 jaar vroeër ook deur Jock en Henry besoek is) o.a. die uitkyktoring, die kamer van bieg, ie „cottages" en die Naturelle woonbuurt.

'n Fees ter ere van Jock, Henry en die oorlede stigter van die Ollewaarstoettelersvereniging word voorafgegaan deur onluste in die Naturelle woonbuurt. 'n Succubus (Vampier) besoek die reus in die nag en 'n jong nimfomaniak, Hope, veroorsaak 'n paniek as sy beweer dat sy aangerand is. Die reus word dadelik verdink.

Terwyl die feesredes gehou word, word die reus deur die skare buitekant die verligte saal met klippe bestook en eindelik dodelik deur de Goede verwond. Hy vlug na die fonteine, waar die water hom altyd gereinig en getroos het, en sterf daar. Sy lyk word die volgende dag deur sy grootvader in die leliepoel gevind waarlangs Lila vermoor is.

Mens sou die handeling van die boek, oppervlakkig beskou, as 'n speurverhaal bestempel. Dit moet egter uit drie vlakke benader word as die leser enigsins 'n denkbeeld van die roman se belangrikheid vir ons letterkunde wil vorm.

Eers het ons die werklike, alledaagse vlak waarop die handeling soos hierbo kortliks gegee, plaasvind.

Dan het ons die mitologiese vlak, waar die handeling parallel loop met die Griekse mitologie en ons te doen kry met die ontstaan van die Gode en hulle stryd teen die Reuse, hul voorgangers op aarde, kinders van Hemel en Aarde, Tyd en Nag.

Derdens het ons by die metafisiese vlak, waar die skrywer veral van die Joodse legendes, primitiewe beskouings omtrent skuld en boete (of liewer sonde en boetedoening) en die volksgeloof oor die vampier of bose gees wat snags op die mens in sy slaap toesak, gebruik maak om sy siening aan ons oor te dra.

'n Ontroerende boek.

EEN VIR AZAZEL is 'n boek wat die belangstellende leser ontstel en diep raak. Daar kom seksverwysings in voor, in die hoofstuk oor

die nagtelik besoek van die succubus b.v., maar die gedagtegang in die boek is so diep, soms so duister, dat die soeker na sensasie maar baie gou moed gaan verloor. Dis ŉ boek wat baie studie verg, en dit is jammer dat die skrywer nie sommige van sy verwysings vir die gewone leser verduidelik het nie. ŉ Kort woordelys is deur die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens opgestel en in die roman aangebring vir lesers wat nie naslaanboeke byderhand het nie.

Op die mitologiese vlak loop die gebeurtenisse wat die handeling uitmaak, parallel met die Griekse mites oor die ontstaan van die Reuse en die Gode en die oorlog tussen hulle wat slegs beëindig kan word as Herakles, halfmens, half-god, tot die Gode se hulp kom. Met behulp van ŉ towerkruid slaag Herakles daarin om die Reuse een na die ander te vernietig. ŉ Towerkruid word in die volksgeloof ook gebruik om die mens teen die nagtelike aanvalle van die vampier te beskerm. Die geloof aan sulke vampiere (of nagmerries, in die mees onskadelike sin van die woord) is diep gewortel in die folklore van alle lande en Leroux gebruik verskillende name vir hierdie ongediertes. Een van hierdie name uit die Grieks, Ephialtes, beteken nie net ŉ vampier nie maar is ook die naam van een van die Reuse wat eers in die een oog en dan in die ander met pyle verwond is voordat Herakles hom doodmaak. As de Goede die reus Adam Kadmon aanval, verwond hy hom op dieselfde wyse.

Leroux se keuse van name is veelseggend. De Goede is die god-held, die redder, ŉ Herakles wat teen die bose optree. Hy hakkel, net soos die Griekse redenaar Demosthenes, na wie hy vernoem is. Mens kan aanneem dat die „H" in sy naam vir „Herakles" staan. Van Eeden en Welgevonden is nog voorbeelde van hierdie doelbewuste keuse van name, net soos Hope en Prudence vir die twee jong hoere, wat ongetwyfeld in die mitologiese parallel die sirenes verteenwoordig, vampiere wat in die gedaante van beeldskone meisies met lang, vloeiende haarlokke, matrose lok en verslind. Daar word altyd na hierdie twee meisies se hare verwys as ons van hulle lees.

Welgevonden wemel van oerbeelde, sê dr. Johns, en die inwoners word aangemoedig om die geestelike samehang daarvan deur die belewing vas te stel. Van belang in die metafisiese benadering van die roman is juis hierdie oerbeelde, wat met die archetipes van die sielkundige Jung vereenselwig kan word. Lila is die maagd (wie se verkragting die orde in duie kan laat stort); de Goede, die jong held en redder; dr. Johns die wyse ou man; Jock die vader (hy verwys na homself as Kronos, vader van die Gode); mev. Dreyer die orakel en Adam Kadmon die skadu, die projeksie van die mens op wat hy vrees of nie verstaan nei.

Metafisiese vlak.

Op hierdie metafisiese vlak, word al hierdie gegewens deur Leroux saamgevleg in sy grootse tema van die mens se onbewuste, onerkende skuldgevoel omdat sy wêreld om hom heen in duie stort. Hy probeer om van hierdie gevoel van skuld kwyt te raak, deur dit op ŉ sondebok oor te dra. Op die titelblad word dr. Johns aangehaal: „Daarom is die tragiese figuur van ons tyd miskien die een wat die skuld op hom trek om ons haat of verdriet vir onsself geldig te maak". Henry Silberstein - Van Eeden bly by die stigting aan om die orde (waarvan Salome vir hom die ewebeeld was) in stand te hou en te vervul. Maar hy kan nie skuldig gehou word vir die disintegrasie van daardie orde nie. Hy is nie in staat (soos Jock skynbaar doen) om hom te berus in die rampe wat hulle met die dood van Salome en die geboorte van haar moroon-seun getref het nie. Henry poog steeds om die orde so heg as moontlik na buite te maak sodat hy dit teen verdere verval van binne kan beskerm.

Dr. Johns vra: As die reëls van die orde ŉ soort spotwoord word, as waardes wat die mens voorheen geheilig het nou verouderd en onprakties word, wat dan? maar Henry antwoord dat hy dan nog sal veg

om alles te behou terwille van die ewige waardes. En as dr. Johns wil weet of daar dan nog enige betekenis aan 'n moraliteit kan wees as sy waardes, getoets aan die praktyk, nie meer so ewig of so prakties is nie, gee Henry toe dat mens dan afstand van jou waardes sal moet doen. Maar dan sal jy self mos niks meer wees nie omdat jy deur daardie waardes gevorm is. Daar is slegs een redding uit hierdie penarie - jy moet kan voel dat die skuld vir die disintegrasie aan iemand toegeskryf kan word.

In EEN VIR AZAZEL is dit die reus, die legendariese verpersoonliking van die chaotiese magte, wat as sondebok die skuld van die mensdom moet dra. Die ontnugtering van hierdie werklik tragiese figuur, as hy moet ontdek dat die skare nie met hom speel nie maar hom werklik wil vernietig met die klippe wat hulle na hom gooi, sy pogings om homself te red, en sy eindelike vlug, swaar gewond, na die helende water waar hy sterf - dit alles word deur Leroux beskryf op 'n wyse wat die leser geestelik verpletterd en dan gelouterd laat. Aanvang en slot vul mekaar aan. Die boek open met die grusame ontdekking deur Jock Silberstein (wat as tragiese figuur nie uit die oog verloor moet word nie) van sy kleinseun se lyk in die leliefontein en die slot beskryf hoe die verminkte liggaam van die reus, deur die monster-bekke van die fonteine op die terrasse deur die vloedwaters gespoel, in die leliepoel ter ruste kom.